Geloofsfamilie
Vaalpark
NG Kerk

Gebedsbulletin
No. 43 van 2026
25 Oktober 2026

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

God se plan is...

God dink nie gedurig planne uit vir almal op aarde en wag dan passief dat hulle dit moet ontdek nie. God se planne is nie net 'n klompie mooi hemelse ideale wat in die lug hang totdat mense dit eendag op 'n reëndag raakloop nie.

Om te spekuleer oor God se plan asof dit 'n misterie is wat eendag, of selfs eers na-doods aan jou bekend sal wees, is om die Bybel mis te lees. God se wil is geen geheim nie. Sy wil is bekend. Dit word geleef. Dit word daagliks gedoen.

God se plan is nie 'n raaisel nie. Sy wil het 'n Naam: Jesus! Sy plan is duidelik en eenvoudig: Oorvloedige lewe tot 'n ewigheid anderkant die dood. (Joh 6:38-40)

God se wil onderstreep dat niks in hierdie lewe ons ooit kan skei van Sy liefde in Christus nie. (Romeine 8:31-39)

God se plan werk ten goede mee vir elkeen wat Hom liefhet (Romeine 8:28). Nee, hierdie "ten goede" gaan nie oor onsself en ons eie planne nie, dit gaan oor God. Dit gaan daaroor dat Christus se heerlikheid al hoe meer in ons lewe gestalte kry.

God se plan vra dat ons Hom sal verheerlik in alles wat ons doen, dink, eet en praat." (1 Korintiërs 10:31; Kolossense 3:17, 23).
God se wil is dat ons Sy skepping ook mooi moet oppas. (Genesis 1:28)
God se wil is bo alles dat ons Hom en mekaar van harte liefhet. (Matteus 22:34-40)

God se plan is bekend. Sy plan is duidelik in die Bybel geopenbaar. Dit is doenbaar. Jy en ek moet net aanmeld en inval by God se plan. Dan gebeur Sy wil in ons lewe.

***deur* Stephan Joubert**

Gemeente – Algemeen

-Bid vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Annie Brink
Juanita Rossouw
Janine Vorster
Hettie Singleton
Tannie Sannie Wentzel
Madelein Els
Wildie Meiring
Martie van Staden
Boland Le Roux
Marelize de Wet
Anton Prinsloo
Corrie Grobler
Madeleen Fourie
Martie van Staden



Byvoorbaat baie dankie vir jou bydrae's . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Dank Gebede




-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan 'n houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...
- HERE, ek het U lief! AMEN





Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in